

MONETARY AND BANKING REVIEW

In our last issue, reference was made to the several steps which had been taken during the first five months of the year as a matter of official policy in an attempt to counter the drain on the Union's gold and foreign exchange reserves. Briefly, these steps consisted of the restriction of bank credit through the application of supplementary reserve requirements to the commercial banks as from the end of June, in order to reduce funds for financing imports; the application of stricter foreign exchange control measures as far as Union residents are concerned; the raising of certain interest rates; the banning of the importation of luxury cars; and the tightening of hire-purchase transactions in respect of motor vehicles. Subsequently, in the Budget Speech, the Minister of Finance announced special measures for obtaining additional loan funds, as well as increases in customs and excise duties on motor cars, petrol, liquor, cigarettes and pipe tobacco. The survey which follows should be viewed in the light of these measures as well as natural economic forces of both foreign and local origin.

MONEY AND BANKING

Partly as a result of seasonal factors, the total quantity of money in circulation in the Union declined from £457 million at the end of 1957 to £429 million at the end of July, 1958, i.e. by about £28 million, compared with declines of £36 million and £40 million, respectively, during the corresponding periods in 1957 and 1956. The reason for this smaller decline during the first seven months of 1958, is partly to be found in the fact that, whereas during the foregoing years the money supply declined to a low point in July, it dropped by £39 million during the first five months of 1958, and then showed a net increase of £11 million up to the end of July.

While the drop of £39 million during the first five months of 1958 was largely accounted for by an unfavourable balance of payments, and occurred in spite of an increase of £8 million in total bank credit and a shift of £5 million from time to demand deposits with the commercial banks, the increase of £11 million from May to July was principally the result of an increase of £20 million in total bank credit, which, however, was partly offset by changes in other causal factors, particularly an increase of £7 million in the commercial banks' fixed and savings deposits.

While total bank credit, therefore, showed a much bigger increase during the two months ended July than during the first five months of the year, several

notable changes occurred in the movements of the individual components thereof. Whereas Reserve Bank credit increased by about £34 million and the commercial banks' discounts and advances by about £8 million during the first five months of the year, the former increased by only £3 million in June and July, while the latter declined by £5 million. On the other hand, the commercial banks' investments and their balances with the National Finance Corporation, which had declined by £29 million and £5 million respectively, during the first five months, increased by about £19 million and £4 million, respectively, during June and July. This was the result, on the one hand, of the seasonal creation of Reserve Bank credit for the Government, and, on the other hand, of the application of the supplementary reserve requirements to the commercial banks. In short, the former factor provided the commercial banks with additional cash which they used to replenish their investments and their balances with the National Finance Corporation. The reason for this is that the banks were allowed, in terms of the Act in question, to deduct from the required amount of supplementary reserves, any net increase registered after 30th April, in their holdings of Union Treasury bills, Union Government stock with a maturity not exceeding three years, deposits with the National Finance Corporation, and Land Bank bills or advances made to the Land Bank.

BALANCE OF PAYMENTS*

After dropping by about £24 million during the first quarter of 1958, the Union's gold and foreign exchange reserves held by official and banking institutions declined further by about £5 million during the second quarter. This much smaller decline during the second quarter was the result not only of a reduction in the country's net current deficit with the outside world, but also of an improvement in the net capital account.

While merchandise imports declined from £159 million in the first quarter of 1958 to about £150 million in the second quarter, the exports of merchandise, excluding gold and ships' stores, remained at the same level of about £100 million. Furthermore, there was an increase of about £4 million in the net gold output, which, however, was partly offset by an estimated increase of £3 million in net current invisible payments. The total net current deficit with the outside world declined, therefore,

*Revised balance of payments figures for the years 1946 to 1955 are published on page 42 of this issue.

by about £10 million, namely, from £40 million to about £30 million.

Compared with this net current deficit of approximately £30 million in the second quarter, the gold and foreign exchange reserves, as mentioned before, declined by about £5 million, so that it would appear that there was a total net inflow of capital, including omissions and errors in the estimates, of about £25 million during this period. Net drawings by the Union Government on the I.M.F. and I.B.R.D. amounted to about £7 million, while the commercial banks' long and short-term foreign liabilities increased by about £1 and £11 million, respectively, as against an increase of about £1 million in their long-term foreign assets. Official and banking institutions, therefore, accounted for a net inflow of capital of about £18 million, leaving a net inflow of private capital of about £7 million, which compares favourably with the net outflow of approximately £4 million during the first quarter of the year.

Taken over the first six months of 1958, the Union's net current deficit amounted to about £70 million compared with approximately nil during the first half of 1957, while the net inflow of foreign capital from all sources was about £41 million compared with a net outflow of about £9 million during the same period last year. Of the net inflow of capital of £41 million during the first half of 1958, official and banking institutions accounted for long and short-term funds of £13 million and £25 million, respectively, and the private sector for approximately £3 million. This net inflow of private capital occurred notwithstanding the net repayment of over £2 million on uranium loans, and a further net repatriation of about £2 million of Union securities from overseas, which, however, took place during the first quarter of the year. During the second quarter, the purchases of Union securities by foreigners approximately equalled their sales.

During July, 1958, the Reserve Bank's gold and foreign exchange holdings increased by £2.8 million, but, on the other hand, the foreign exchange holdings of the Union Government and the commercial banks declined by about £6 million, so that there was a net decline in the reserves of about £3 million. During that month imports were about £2 million lower than in July last year, whereas they were higher during each of the first five months of this year than during the corresponding months a year ago. Nevertheless the Union still had a net current deficit estimated at £7 million in July, and as it is known that the commercial banks' long-term foreign liabilities declined by about £2 million in that month, and that the net receipt of official loans and the net purchases of Union securities by foreigners were of negligible proportions, it would appear that there was a fairly substantial net inflow of private capital in the form of short-term funds. This net inflow of private short-term funds continued during August, when the Union's total gold

and foreign exchange reserves increased by about £3 million, notwithstanding a further net current deficit. During that month imports declined by about £2½ million compared with July, and were approximately £5 million lower than in August last year. On the other hand, merchandise exports were £4 million lower in August compared with the month before, and about £9 million lower than in the same month a year ago.

It would appear, therefore, that the restriction of credit, in so far as it acted as a curb on imports or induced importers to obtain short-term credit from overseas, together with the stricter control of Union resident funds, has had a favourable effect on the Union's gold and foreign exchange reserves, although a factor of considerable importance in this respect has been the substantial reduction of interest rates and the easing of the credit squeeze in the United Kingdom.

GENERAL TENDENCIES

While the high level of the Union's monetary volume of economic activity during the first quarter of 1958 would appear to have been maintained during the second quarter of the year, some notable changes occurred in the general tendencies revealed by a number of the available economic indices, i.e. after allowing for seasonal variations.

As will be seen from the table below, the indices of bank debits, stock exchange turnover, retail sales and merchandise exports, which had either remained relatively constant or declined during the first quarter of 1958, increased during the second quarter. On the other hand, the indices of railway earnings, discounts and advances of the commercial banks, property transactions and building plans passed, which had increased during the first quarter, either remained constant or declined during the second quarter. In the case of imports, there was a continuation of the declining tendency noted in the first quarter of the year.

Indices — Excluding Seasonal Changes (1948 = 100)

	1957			1958	
	2nd Qtr.	3rd Qtr.	4th Qtr.	1st Qtr.	2nd Qtr.
Bank Debits — — — —	222	239	240	240	246
Stock Exchange Turnover*	60	65	71	49	58
Discount and Advances of Commercial Banks — — —	209	220	233	247	244
Value of Imports — — —	151	160	172	170	162
Value of Exports (exclud- ing gold) — — — — —	335	326	314	296	301
Railway Earnings — — — —	208	209	209	212	212
Value of Retail Sales† — —	133	133	136	135	137
Value of Property Trans- actions — — — — —	86	95	92	95	91
Value of Building Plans Passed‡ — — — — —	122	145	141	153	135

* Revised figures.

† Six urban areas.

‡ Eighteen urban areas.

With the addition of the second quarter figures, as well as those available for the month of July, it appears that the Union's monetary volume of economic activity increased at a considerably lower rate during the first seven months of 1958 than during the previous year. Whereas the monthly indices of bank debits and stock exchange turnover, after correction for seasonal changes, have shown an upward tendency during the first seven months of this year, those of retail sales, railway earnings and merchandise exports have revealed a relatively

constant trend, while distinct declining tendencies are discernable in the case of the commercial banks' discounts and advances, merchandise imports, property transactions and building plans passed. During the month of August there was a continuation of the declining tendency in imports, while a relatively sharp drop was registered in the case of exports.

T. W. de Jongh,
Head: Department of Economic Research and Statistics.

FINANSIËLE ASPEKTE VAN DIE JONGSTE UITBREIDING IN DIE UNIE SE VOLKSHUISHOUDING

Inleiding

Fondse vir die finansiering van bruto toevoegings tot vaste en bedryfskapitaal van sake-ondernemings is afkomstig uit twee bronne, nl. *interne* en *eksterne* finansiering. Eersgenoemde bron bestaan uit (1) die aanwending van eie lopende besparing, of onverdeelde inkomme, deur die onderneming¹ wat besig is om die omvang van sy ekonomiese bedrywighede uit te brei, en (2) voorsiening uit inkomme vir waardevermindering t.a.v. vaste bates, en ook voorsiening vir poste soos uitgestelde herstelwerk.

Die tweede bron, nl. *eksterne* fondse, het betrekking op fondse wat in die geld- en kapitaalmark opgeneem word. In die huidige verband beteken hierdie begrip dus die verkryging van fondse, sowel binne as buite die Unie, deur middel van lenings of aandeeluitgifte.

Voorlopige ramings dui aan dat interne bronne verlede jaar aansienlike bydrae tot die finansiering van die kapitaalbehoefte van die Unie se besigheidsektor gelewer het. Die aandeel van voorsiening vir waardevermindering in die totaal op hierdie wyse bygedra, was ongeveer £161 miljoen, en dié van maatskappybesparing² ongeveer £106 miljoen. Verder word die netto besparing wat in hul ondernemings herbelê is deur persone wat vir eie rekening werk, t.w. boere, individuele ondernemers en professionele persone, op 'n bedrag van tussen £30 miljoen en £50 miljoen beraam.

Eksterne fondse

In die geval van *eksterne* fondse word die koördinerende van vraag en aanbod deur geld- en kapitaalmarkttransaksies teweeg gebring. In werklikheid kan die individuele eienaars van fondse wat aan die mark voorsien word, kies tussen vier hoof tipes finansiële bates, nl. (1) geld, d.w.s. kontant en onmiddellik opeisbare deposito's; (2) vaste rentedraende beleggings soos vaste en spaardeposito's, direkte lenings, voorkeuraandele, obligasies en staatseffekte; (3) kontraktuele besparing, wat gelykstaan aan die jaarlikse toename in die aktuariële reserwes van lewensversekeringmaatskappye, sowel as die netto surplus

van pensioen- en voorsorgfondse, en laastens (4) belegging in aandele, d.w.s. die koop van gewone aandele.

Die verdeling van beleggers se fondse tussen alternatiewe bates hang af van oorwegings soos die gerief van ruime beskikking oor likwiede middele en die verwagte opbrengs van kapitaal bates, wat op hul beurt weer nou saamhang met die konjunktuurverloop. Onlangse veranderings in die besit van verskillende tipes finansiële bates word hieronder opgesom.

(1) *Geld*: Nieteenstaande die aansienlike groei van private inkomme, het die private sektor in die volkshuishouding baie min begeerte aan die dag gelê om sy besit van geld en onmiddellik opeisbare deposito's gedurende die afgelope nege jaar uit te brei. Die hoeveelheid geld wat deur hierdie sektor gehou is, het met slegs £7 miljoen gedurende 1957 toegeneem, en met slegs £36 miljoen gedurende die negejaartydperk vanaf Desember 1948 tot Desember 1957. In hierdie verband moet dit onthou word dat die verhoging van rentekoerse sedert 1949 die verskuiwing van nie-rentedraende likwiede bates na minder likwiede bates, wat 'n positiewe opbrengs aan die belegger besorg, bevorder het.

(2) *Vaste rentedraende belegging*: Belegging van individue in vaste rentedraende effekte en verbande, wat 'n direkte oordrag van die spaarder na die gebruiker van die fondse verteenwoordig, is nie 'n belangrike vorm van *eksterne* finansiering onder huidige omstandighede nie. Verreweg die grootste pos in die tweede groep finansiële bates is deposito's by finansiële instellings wat op hul beurt as tussen-ganger tussen die individuele spaarders en die uiteindelijke leners optree.

Die toename in die vaste en spaardeposito's by handelsbanke, bougenootskappe,³ die Posspaarbank en ander deposito-nemende instellings en lenings- en spaarbanke het verlede jaar ongeveer £90 miljoen beloop, terwyl die ooreenstemmende syfer vir die negejaartydperk eindigende Desember 1957, £482 miljoen was. Gedurende dieselfde tydperk het die totale bates van hierdie instellings met £107 miljoen

1. d.w.s. die deel van sy inkomme wat oorbly na aftrekking van belasting en dividendbetalings.

2. Insluitende die onverdeelde winste van Suid-Afrikaanse filiale van oorsese moedermaatskappye.

3. Insluitende die toename in aandeelkapitaal, wat ook 'n vaste rentedraende belegging is.

en £536 miljoen, en hul verbandlenings, verdiskonterings en voorskotte met £95 miljoen en £443 miljoen, onderskeidelik toegeneem. Die grootste gedeelte van die fondse wat by finansiële instellings gedeponeer is, is dus deur hul oorgedra in die vorm van lang- en korttermyn *leningskapitaal*. Daarenteen was hul aankoop van langtermyn- of gefundeerde effekte en aandele betreklik onbelangrik.

(3) *Kontraktuele besparing*: Versekeringsmaatskappye en pensioenfondse ontvang 'n steeds toenemende gedeelte van die lopende besparing van die algemene publiek. Gedurende 1957 en 1948-57 het die toename in die totale bates⁴ van eersgenoemde instellings ongeveer £28 miljoen en £191 miljoen, onderskeidelik, beloop, waarvan 80 persent verteenwoordig word deur bykomende verbande en ander vaste rentedraende beleggings.

In die geval van pensioenfondse wat deur die openbare owerhede geadministreer word (d.w.s. die Unie-regering, Suid-Afrikaanse Spoorweë, Hawens en Lugdiens, provinsiale administrasies en plaaslike owerhede), het die toename in hul totale bates, wat 'n aanduiding gee van die bedrag wat uit hierdie bron vir belegging beskikbaar is, verlede jaar omtrent £27 miljoen bedra. Onlangse gegewens is egter nie beskikbaar omtrent die jaarlikse netto inkomme van private pensioenfondse⁵ nie, maar volgens een raming⁶ was die totale inkomme van alle private pensioen- en voorsorgfondse vir die finansiële jaar geëindig Junie 1954 ongeveer £29 miljoen. Van hierdie bedrag was ongeveer £22 miljoen beskikbaar vir belegging in vaste rentedraende effekte en verbande.

(4) *Belegging in aandele*: Beschikbare gegewens dui daarop dat fondse wat in die afgelope tyd deur beleggers tot die beskikking van finansiële instellings gestel is, veel meer was as dié wat aangewend is om aandele te koop. Gedurende die jaar geëindig September 1957, bv., is £24 miljoen aan nuwe kapitaal verkry by wyse van aandeeluitgifte⁷ deur maatskappye wat reeds voorheen of vir die eerste keer op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, vergeleke met 'n toename van £90 miljoen in vaste en spaardeposito's.

Aleer sekere gevolgtrekkings gemaak word omtrent die wyse waarop onlangse besigheidsuitbreidings gefinansier is, sal verdere besonderhede in die volgende afdeling verstrekkend word omtrent die bronne en aanwending van fondse in 'n aantal produksietakke.

BRONNE EN AANWENDING VAN BELEGGINGSFONDSE, VOLGENS PRODUKSIETAKKE

1. Mynwese

Die verdeling van inkomme verdien deur die mynbedryf (d.w.s. goud- en ander mynmaatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word) gedurende die 1957 en vroeëre finansiële jare word in tabel I uiteengesit. Na aftrekking van belasting en dividende van elke jaar se inkomme, word 'n residu verkry, t.w. onverdeelde inkomme.

Tabel 1

*Mynmaatskappye: verdeling van inkomme
(1952/3—1956/7)*

	1952/3	1953/4	1954/5	1955/6	1956/7
	£m	£m	£m	£m	£m
Bedryfsurplus	69	75	87	105	119
Inkomme uit beleggings	10	11	12	14	15
Verdeelbare inkomme	79	86	99	119	134
<i>Min</i> belasting	22	23	27	29	29
<i>Min</i> dividende	42	42	46	54	60
Saldo: onverdeelde inkomme	15	21	26	36	45

Persentasieverdeling

	%	%	%	%	%
Belasting	28	27	27	24	22
Dividende	53	49	47	45	45
Onverdeelde inkomme	19	24	26	31	33
	100	100	100	100	100

Sedert die finansiële jaar 1952/3, het myninkome steeds toegeneem, en dus meer ruimte gelaat vir die terugploeging van winste. Op 'n persentasiegrondslag het die onverdeelde gedeelte van lopende inkomme vanaf 19 persent in 1952/3, tot 33 persent in 1956/7 toegeneem, en in absolute syfers vanaf £15 miljoen tot £45 miljoen, d.w.s. 'n toename van 200 persent oor die tydperk van vier jaar.

Gegewens i.v.m. die rol van interne en eksterne finansiering in die onlangse uitbreiding van die mynbedryf word in tabel 2 uiteengesit. Die tabel toon die jaar-tot-jaar veranderinge in die bates en laste in die balansstate van die betrokke maatskappye. Dit is nodig om daarop te let dat die gegewens onder 'n aantal hoofde opgesom word om sodoende 'n aanduiding te gee van, eerstens, die oorsprong van die nuwe fondse wat jaarliks beskikbaar was vir die finansiering van uitbreiding van bates, en tweedens, die bedrae wat vir die aanskaffing van bykomstige fisiese en finansiële bates, onderskeidelik, aangewend is.

4. Syfers omtrent die toename in aktuariële reserwes is nie beskikbaar nie.

5. Ingevolge die bepalings van die Pensioenfondswet (nr. 24 van 1956) moet gegewens omtrent die inkomme, uitgawe en beleggings in die toekoms deur alle private pensioenfondse aan die registrateur van finansiële instellings voorsien word.

6. G. Rissik: *The Effects of Pension and Provident Funds and their Investments on the National Economy*, *Die Suid-Afrikaanse Bankierstrydskrif*, Oktober 1955, p. 249.

7. Insluitende aandeelpremie.

Tabel 2

Mynwese: bronne en aanwending van beleggingsfondse

(1952/3—1956/7)

	1952/3	1953/4	1954/5	1955/6
	na	na	na	na
	1953/4	1954/5	1955/6	1956/7
Bronne	£m	£m	£m	£m
<i>Interne bronne:</i>				
Onverdeelde inkomme	21	26	36	45
<i>Eksterne bronne:</i>				
<i>Langtermyn</i>				
Nuwe uitgifte	34	25	17	6
Lenings	9	1	—	-2
<i>Korttermyn</i>				
Krediteure	—	4	2	-1
Ander krediete	4	4	2	5
Ander kapitaalontvangste	—	—	1	-1
Totale Bronne	68	60	58	52
<i>Aanwending</i>				
<i>Om bruto fisiese bates te vermeerder:</i>				
Grond, geboue en uitrusting	56	48	41	40
Vorrade	—	1	1	1
<i>Om finansiële bates te vermeerder:</i>				
Beleggings*	—	4	17	9
Debiteure	1	1	2	3
Ander debitee	1	—	-2	—
Likwiede bates	10	6	-1	-1
Totale Aanwendings	68	60	58	52

Sedert die finansiële jaar 1952/3 is 'n steeds toenemende gedeelte van die kapitaalbenodighede van die myne uit interne bronne voorsien, en verlede jaar is 'n rekordbedrag van £45 miljoen beskikbaar gestel. Vergeleke met 'n totale toename in bates van £52 miljoen. Gedurende die afgelope vier jaar is meer as die helfte van die toename in die kapitaal-bates van die betrokke maatskappye m.b.v. interne fondse gefinansier, en ongeveer een-derde deur uitgifte van gewone aandele. Uit die totale toevoegings tot bates het bykomstige fisiese bates meer as driekwart bedra.

2. Fabriekswese

Die Buro vir Sensus en Statistiek⁸ het onlangs syfers i.v.m. die gekonsolideerde rekening van 382 genoteerde⁹ openbare maatskappye in die fabriekswese, handel en dienste gepubliseer. Gegewens i.v.m. die inkomerverdeling van die 263 fabrieksmatskappye

* Hoofsaaklik effekte en aandele, en lenings en voorskotte aan filiale en ander organisasies.

8. Memorandum nr. 15: 'n Oorsig van die Rekeninge van Openbare Maatskappye vir die Tydperk 1952-3 tot 1955-6; Staatsdrukker, Pretoria, 1958. Die Buro vir Sensus en Statistiek word hierna die Buro genoem.

9. d.w.s. maatskappye wie se aandele op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word.

wat in die Buro se monster ingesluit is, word in tabel 3 verstrek.

By die vertolking van die Buro se syfers, moet in gedagte gehou word dat Ign. die mate waartoe die fabrieksmatskappye op interne fondse staatmaak, onderskat, aangesien voorsiening uit lopende inkomme vir waardevermindering t.o.v. vaste bates nie vir tabuleringsdoeleindes in ag geneem is nie. In hierdie verband sal dit onthou word dat, soos reeds in die inleidende gedeelte van hierdie oorsig gemeld, waardeverminderingstoelaes deel uitmaak van die interne fondse-totaal wat in enige finansiële jaar opsy gesit word vir die finansiering van bruto toevoegings tot bates.

Tabel 3

Fabrieksmatskappye: Verdeling van inkomme (1952/3—1955/6)

	1952/3	1953/4	1954/5	1955/6
	£m	£m	£m	£m
Lopende surplus	43	44	48	48
Rente en dividende	2	2	2	2
Verdeelbare inkomme	45	46	50	50
Min belasting	14	14	15	15
Min dividende	18	19	20	19
Saldo: onverdeelde inkomme	13	13	15	16

Persentasieverdeling

	%	%	%	%
Belasting	31	31	30	30
Dividende	40	41	40	38
Onverdeelde inkomme	29	28	30	32
	100	100	100	100

Gedurende die tydperk 1952/3-1955/6 het die inkomme van die groep van 263 fabrieksmatskappye 'n meer gelykmatige verloop begin vertoon, en 'n afname in die gedeelte van inkomme wat as dividende uitgekeer is, is ook waarneembaar. Die aandeel van onuitgekeerde winste, andersyds, het geneig om toe te neem, terwyl belastingverpligtings ongeveer konstant gebly het. Dit wil dus voorkom asof 'n verdere toename in interne finansiering ten koste van dividendbetalings sal moet geskied, behalwe in die geval van 'n ooreenkomstige toename in die maatskappye se bedryfsurplus.

Die bronne en aanwending van fondse van dieselfde groep maatskappye word in tabel 4 weergege.

Tabel 4

Fabriekswese: bronne en aanwending van beleggingsfondse

(1952/3—1955/6)

	1952/3	1953/4	1954/5
	na	na	na
	1953/4	1954/5	1955/6
	£m	£m	£m
<i>Bronne</i>			
Interne bronne*	13	15	16
Eksterne bronne:			
Langtermyn			
Nuwe uitgifte	4	4	1
Lenings	1	8	7
Korttermyn			
Handelskrediete	—	6	7
Ander krediete	-2	5	5
Ander kapitaalontvangstes	-1	1	1
Totale bronne	15	39	37
<i>Aanwending</i>			
Om netto fisiese bates te vermeerder:			
Grond, geboue en toerusting	13	16	14
Voorrade	-7	12	15
Om finansiële bates te vermeerder:			
Beleggings en ander finansiële bates	2	5	2
Handelsdebiete	4	9	8
Likwiede bates	3	-3	-2
Total aanwendings	15	39	37

Ongeveer die helfte van die fondse benodig vir bestedings op *netto* bates, d.w.s. die bruto waarde van die bates *min* waardeverminderingstoelaes, is voorsien uit interne bronne, terwyl die saldo, nl. eksterne fondse, uit ongeveer gelyke bedrae lang- en korttermynfondse bestaan het. Van die totale beskikbare bedrag is omtrent 70 persent aangewend vir die finansiering van toevoegings tot vaste bates en voorrade. Handelsdebiete het ook aansienlike fondse geabsorbeer. Die toename in die maatskappye se nie-likwiede bates het boonop gepaard gegaan met 'n afname in hul totale besit van likwiede bates (d.w.s. kontant en deposito's).

3. Handel en dienste

Die Buro het ook balansstaatsyfers van 119 handels- en dienstemaatskappye getabuleer en dit word in tabel 5 in 'n gewysigde vorm gerangskik om so-doende die bronne en aanwending van beleggingsfondse onder 'n aantal hoofde toe te lig. Soos in die geval van fabriekswese, sluit die gegewens onder die hoof „Interne bronne” nie waardeverminderingstoelaes in nie.

* Soos reeds vermeld, word waardeverminderingstoelaes nie deur die Buro hierby ingesluit nie.

Tabel 5

Handel en dienste: bronne en aanwending van beleggingsfondse

(1952/3—1955/6)

	1952/3	1953/4	1954/5
	na	na	na
	1953/4	1954/5	1955/6
	£m	£m	£m
<i>Bronne</i>			
Interne bronne	4	5	5
Eksterne bronne:			
Langtermyn			
Nuwe uitgifte	—	2	1
Lenings	5	3	2
Korttermyn			
Handelskrediete	2	3	1
Ander krediete	3	4	2
Ander kapitaalontvangstes	1	1	—
Totale bronne	15	18	11
<i>Aanwending</i>			
Om netto fisiese bates te vermeerder:			
Grond, geboue en uitrusting	8	7	6
Voorrade	2	6	3
Om finansiële bates te vermeerder:			
Beleggings en ander finansiële bates	1	1	—
Handelsdebiete	3	5	4
Likwiede bates	1	-1	-2
Totale aanwendings	15	18	11

Omtrent een-derde van die groep handels- en dienstemaatskappye se besteding aan *netto* vaste en ander bates is m.b.v. interne bronne gefinansier, vergeleke met ongeveer een-helfte in die geval van fabriekswese, en soos verwag kan word, het die verlening van korttermynkrediet na verhouding 'n groter rol as 'n eksterne bron vir sy kapitaalfondse gespeel.

T.a.v. die doeleindes waarvoor die fondse aangewend is, toon die persentasieverdeling baie dieselde prent as dié van die fabrieksmatenskappe; fisiese bates is verantwoordelik vir ongeveer 70 persent van die totaal, en finansiële eise, hoofsaaklik handelsdebiete, vir ongeveer 30 persent. Dit is ook betekenisvol dat, soos in die geval van fabrieksmatenskappe, die likwiede bates in besit van die handels- en dienstegroep gedurende die afgelope twee jaar van die tydperk onder bespreking afgeneem het.

4. Openbare korporasies

Bronne- en aanwendingstabelle vir twee openbare korporasies, nl. Yskor en Eskom, word hieronder uiteengesit om die onlangse neiging t.o.v. finansiering in hierdie belangrike ekonomiese terrein aan te toon.

Tabel 6

Yskor: bronne en aanwending van beleggingsfondse
(1952/3—1956/7)

	1952/3	1953/4	1954/5	1955/6
	na	na	na	na
	1953/4	1954/5	1955/6	1956/7
	£m	£m	£m	£m
Bronne				
Interne bronne	9	11	12	12
Eksterne bronne:				
Langtermyn	—	—	—	—
Korttermyn	-3	—	1	1
Totale bronne	6	11	13	13
Aanwending				
<i>Om bruto fisiese bates te vermeerder:</i>				
Grond, geboue en uitrusting	2	2	3	5
Voorrade	1	—	1	1
<i>Om finansiële bates te vermeerder:</i>				
Beleggings	1	2	1	1
Debiteure	1	1	—	1
Likwiede bates	1	6	8	5
Totale aanwendings	6	11	13	13

Die belangrikheid van interne fondse vir die finansiering van Yskor se kapitaalbehoefte kan afgelei word van die feit dat dit verantwoordelik was vir meer as drie-kwart van die benodigde fondse gedurende die negejaartydperk geëindig 30 Junie 1957, en vir meer as 100 persent¹⁰ gedurende die vierjaartydperk waarop die gegewens in tabel 6 betrekking het.

'n Kenmerk van die aanwending van die beskikbare fondse is die ophoping van likwiede bates. Hierdie likwiede middele verteenwoordig fondse wat bestem is vir verwagte bestedings op masjinerie en uitrusting, aangesien Yskor tans met grootskaalse uitbreidings van bestaande produksiekapasiteit besig is.

Die finansieringspatroon van 'n openbare nutsmaatskappy, soos Eskom, verskil in verskeie opsigte van dié van ander produksietakke. Die relatiewe belangrikheid van interne finansiering by die eersgenoemde tipe maatskappy is bv. minder as in bedryfstakke wat nie aan beheer onderworpe is nie. Volgens die syfers vir die vierjaartydperk geëindig Desember 1957, wat in tabel 7 opgesom is, word Eskom se kapitaalfondse hoofsaaklik van eksterne bronne verkry, die grootste gedeelte waarvan verskaf word deur beleggers wat inskryf op langtermyn-effekte-uitgifte. Gedurende dieselfde tydperk het interne fondse ongeveer een-vyfde van Eskom se behoeftes voorsien, maar dit wil voorkom asof hierdie bron tans meer belangrik word.

10. Uitstaande korttermynskuld is gedurende hierdie tydperk afgeelos.

Tabel 7

Eskom: bronne en aanwending van beleggingsfondse
(1953—1957)

	1953	1954	1955	1956
	na	na	na	na
	1954	1955	1956	1957
	£m	£m	£m	£m
Bronne				
Interne bronne	5	6	7	8
Eksterne bronne:				
Langtermyn				
Effekte	28	19	15	23
Korttermyn				
Krediteure	1	1	-1	—
Ander krediete	-4	1	4	-3
Ander kapitaalontvangste	—	3	—	—
Totale bronne	30	30	25	28
Aanwending				
<i>Om bruto fisiese bates te vermeerder:</i>				
Grond, geboue en uitrusting	27	21	20	19
Voorrade	—	—	1	1
<i>Om finansiële bates te vermeerder:</i>				
Beleggings	3	9	4	8
Debiteure	—	—	—	—
Likwiede bates	—	—	—	—
Totale aanwendings	30	30	25	28

Soos verwag kan word van 'n kapitaalintensiewe onderneming, is uitgawes aan bykomende vaste bates die oorheersende pos in die totale koste van Eskom se onlangse uitbreiding; sy aandeel in die totale bedrag aangewend sedert 1953 het nie minder as 77 persent bedra nie.

5. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens-administrasie

Die finansiering van Eskom se onlangse ontwikkelingsprogram kan vergelyk word met dié van 'n ander kapitaalintensiewe openbare onderneming nl. die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Hawens en Lugdiens, wat ook 'n ongeëwenaarde uitbreiding van sy bates gedurende afgelope jare ondervind het.

Tabel 8

S.A. Spoorweë: bronne en aanwending van beleggingsfondse
(1952/3—1956/7)

	1952/3	1953/4	1954/5	1955/6
	na	na	na	na
	1953/4	1954/5	1955/6	1956/7
	£m	£m	£m	£m
Bronne				
Interne bronne	10	27	25	16
Eksterne bronne:				
Langtermyn	37	24	33	42
Korttermyn	1	1	-2	2
Ander kapitaalontvangste	1	9	1	1
Totale bronne	49	61	57	61
Aanwending				
<i>Om bruto fisiese bates te vermeerder:</i>				
Grond, geboue en uitrusting	53	40	45	56
Voorrade	—	-3	2	8
<i>Om finansiële bates te vermeerder:</i>				
Beleggings	-6	20	10	-2
Krediteure	2	4	—	-1
Likwiede bates	—	—	—	—
Totale aanwendings	49	61	57	61

Oor die algemeen lewer die finansiering van vervoerdienste dieselfde probleme wat teengekóm word by die voorsiening van kragfasiliteite. Weens die relatiewe hoë koste van masjinerie en uitrusting, word 85 persent van die onlangse toevoegings tot die Spoorweë en Hawensadministrasie se bates verteenwoordig deur bykomstige vaste bates, vergeleke met betreklik geringe bykomstige fondse benodig vir bedryfskapitaaldoeleindes. Dit het weer op sy beurt 'n invloed op die aard van die finansiële middele benodig vir die ontwikkeling van die vervoerstelsel, deurdat die klem op langtermynlenings val.

Gedurende die vierjaartydperk waarop die gegewens in tabel 8 betrekking het, het interne bronne, d.w.s. terugp'oeging van wins en voorsiening vir waardevermindering uit inkome, een-derde van die benodigde bedrag voorsien terwyl die saldo van eksterne bronne verkry is, veral deur middel van die uitreiking van langtermyn-effekte deur die Unieregering.

Gevolgtrekkings

Alhoewel die voorafgaande oorsig van die bronne van interne en eksterne finansiering beperk is tot daardie gedeelte van die finansiële vloei wat geïdentifiseer kan word op grond van geredelik beskikbare statistieke, en dus nie 'n volledige beeld van die ingewikkelde netwerk van die finansiële verhoudings wat in die praktyk bestaan, weergee nie, kan sekere gevolgtrekkings nogtans in hierdie voorlopige stadium van die ondersoek gemaak word.

1. Nadat toegelaat is vir dié transaksies wat nie in hierdie analise in ag geneem is nie, wil dit voorkom asof onder huidige omstandighede interne bronne, d.w.s. bruto besparing van sakeondernemings, 'n uiters belangrike rol as bron van beleggingsfondse gespeel het.

2. Die gedrag van interne finansiering verdien noukeurige aandag in toekomstige studies van beleggingsneigings, nie alleen weens die absoluut en betreklike grootte van die betrokke bedrag nie, maar ook omdat dit beïnvloed word deur faktore wat verskil van dié wat die aanbod van spaarfondse van beleggers wat in hulle individuele hoedanighede optree, reguleer.

3. Van die totale interne bronne word bykans die helfte verkry d.m.v. voorsienings uit lopende inkome vir waardevermindering van bestaande vaste bates, terwyl die orige gedeelte onverdeelde winste verteenwoordig.

4. Die gebruikmaking van interne finansiering deur produksietakke, vir sover dit die vorm van onverdeelde winste aanneem, word begrens deur die koers van toename van die inkome van die verskillende bedryfstakke.

5. Beleggers, in hul hoedanigheid as aanbieders van eksterne fondse gee aandag aan die mate van likwiditeit en risiko verbonde aan die besit van verskillende soorte finansiële bates. Die beskikbare inligting dui aan dat in die afgelope tyd meeste eksterne fondse die vorm van vaste rentedraende beleggings en kontraktuele besparings aangeneem het.

Slegs 'n betreklik ondergeskikte deel van die resente totale toevoegings tot finansiële bates is gehou in 'n likwiede vorm, d.w.s. kontant en onmiddellik opeisbare deposito's, of in die vorm van gewone aandele.

6. Die grootste gedeelte van die fondse belê in bates wat 'n vaste opbrengs oplewer, en alle fondse in die vorm van kontraktuele besparings, is aan gespesialiseerde instellings toevertrou, nl. finansiële tussengangers in eersgenoemde, en versekeringsmaatskappye, pensioen- en voorsorgfondse in laasgenoemde geval.

7. In die meeste gevalle dra finansiële tussengangers, insluitende versekeringsmaatskappye, fondse oor na die uiteindelijke gebruikers in die vorm van lenings, hiewers as aandeelkapitaal. Finansiële hulp word verder hoofsaaklik in die vorm van *direkte* lenings voorsien, d.w.s. deur die verlening van korttermynkrediet in verskeie vorme, en in die geval van langtermynlenings, deur die toestaan van verbandlenings, eerder as *indirek*, d.w.s. deur toevoegings tot hul *verhandelbare* effekte-portefeuljes. Die uitsondering in hierdie geval is pensioen- en voorsorgfondse, hoofsaaklik dié wat deur die staatskuld-kommissarisse geadministreer word.

Tot 'n sekere mate weerspieël hierdie ontwikkeling ten gunste van direkte lenings die invloed van die markverskynsel dat gedurende 'n tydperk van stygende rentekoerse die houer van verhandelbare langtermyn-effekte blootgestel is aan 'n kapitaalverlies indien hy die effekte verkoop voor die vervaldatum.

8. Groot inter-industrierverskille bestaan t.a.v. die metode van finansiering, wat op sy beurt weer beïnvloed word deur die uiteindelijke gebruik wat van nuwe kapitaalfondse gemaak word. In die handel en distribusie en ook in die fabriekswese is die behoeftes aan bedryfskapitaal relatief belangrik, wat die verlening van korttermynkrediet deur eksterne bronne noodsaaklik maak om sodoende toenames in voorrade en handelsdebiete te finansier. Aan die ander kant benodig kapitaalintensiewe ondernemings, soos openbare nutsbedrywe en vervoerondernemings, hoofsaaklik langtermynfondse wanneer hulle die omvang van hul bedrywighele uitbrei.